e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

15 September 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 31

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Versoening of verharding

Wat hier volg, is nie 'n strydskrif, 'n aanval op of 'n verdediging van enigiemand nie. Dit is gerig tot *almal* in die Kerk om 'n keer op te hou vinger wys na ander en liewer eerlike selfondersoek te doen. Dit wil ook 'n gebed verwoord: Here, ontferm U tog oor ons! Dit is ook 'n kreet, 'n roep tot *almal*: Kom tog om Christus ontwil met God maar ook met mekaar tot versoening solank daar nog geleentheid is.

Maar dit verwoord ook 'n vraag aan *myself, onsself*: Ken jy die liefde van God? Dié liefde wat gee, vergewe, selfverloënend is, offer tot in die dood? Nie liefde wat eis: *jy* moet, *jy* moet nou mooi luister na wat ek sê, *jy* moet luister na die Woord.

Dit is mos moontlik dat die liefde en genade van God só kan triomfeer dat die kwaad wat in ons midde ingesluip het van weerskante af onvoorwaardelik en finaal gestaak word. Intussen bid en wag 'n breë laag lidmate om met hulle werk in die kerk van Christus te kan voortgaan.

Daar word gesê die saak moet nou tot op die been oopgekloof word. Dit is gedoen. Wat in die snyproses blootgelê is, lyk nie mooi nie. Ouderlinge en lidmate spreek hulle skok en teleurstelling uit oor die taal en die trant waarin predikante en teoloë met mekaar praat, in sowel die beswaarskrif as in sommige van die reaksies daarop: *my* siening is reg en waar, die ander is misleidend, vals, verdraaiings. En ons staan kaal voor 'n heidense wêreld en straks voor wêreldlike regters.

Daar word graag gesê dat skeuring dalk suiwerend kan werk. Dit sál nie, na watter kant toe dit ook al gebeur. Verskeuring van sy liggaam is nie die weg wat Christus geleer het nie. Ons wil dan juis saam met die ekumene werk vir behoud en herstel van dié liggaam. Skeuring kan nie suiwerend werk nie. Dalk is dit eerder straf van God oor skade wat ons in sy kerk aanrig. Moet ons nie *almal* ons optredes teen dié lig weeg nie?

Daar word ook gesê dat versoening nie die kwaad moet toesmeer nie. Dit sál nie. Die Bybel sê immers die liefde sal baie sondes bedek.

Die veroordeling van 'n politieke beleid met as konsekwensie die toetrede tot 'n ekumeniese liggaam? Hoe ernstig klink dit teen die lig van die dringendheid waarin die Bybel praat oor die ewigheid en die koninkryk wat kom? As dieselfde gloed en hartstog waarmee dié saak oor jare gedryf is en ook die hewige reaksies nou op die aanvaarding daarvan tog maar die Kerk se prediking, apostolaat en liefdevolle optrede teenoor mekaar kon kenmerk...

Wat werklik op die spel is, is dat ons die vermoë om volgens Bybels-etiese norme te leef en van mekaar te verskil, verloor het; nie net op sinodale vlak nie maar oor die breë spektrum van die Kerk se lewe en werk; tot op ringsvlak en in die werk in komitees tussen predikante van die Kerk. 'n Siek tydgees kerf al lankal in ons verhoudings as gelowiges in. Is dit die beeld wat ons in die wêreld wil bly vertoon? Wil ons aanhou toelaat dat daar só kwaad gepraat word van die goeie wat aan ons behoort? Intussen preek ons liefde en bedien en gebruik saam Nagmaal?

In die lewe van gelowiges gaan dit nie om watter kant gaan wen of wie gaan oor wie kraai nie. Wat op die spel is, is versoening. Daarsonder kan ons nie kerk van Christus wees nie.

Ons moet ophou, omdraai, tot God bekeer. Hy sal harte vol berou en ootmoed nie gering ag nie. Dan is die heel onmoontlike moontlik: gesondword, heelheid, saam verder. Die alternatief is verharding… met gevolge te huiweringwekkend om aan te dink, vir nou en ook vir die ewigheid.

Dr Daan van Wyk (sr)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Daar sal nie ’n uitgawe van die *e-Hervormer* op Donderdag 6 Oktober wees nie, as gevolg van die Buitengewone Algemene Kerkvergadering (AKV) van 4 en 5 Oktober en die Nasionale NHSV Kongres van 6, 7 en 8 Oktober.

Dr Stephan Hoffman

Dr Rudy Denton

- **Ds Annelie Botha** van Gemeente Mafeking **se vader** is Maandagoggend 12 September oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Botha en die familie.

- **Ds André Thomas** van Gemeente Oos-Moot word op Donderdag 15 September in die Faerie Glen-hospitaal opgeneem vir ’n **rugoperasie**. Ons bid hom sterkte en algehele herstel toe.

- **Dr Stephan Hoffman** het die benoeming as **tweede Organiserende Sekretaris** van die Hervormde Kerk by die **Bybelgenootskap** van Suid-Afrika aanvaar, en sal waarskynlik op 1 Desember diens aanvaar. Hy volg ds Jan de Wet op, en sal in Kempton Park gestasioneer wees. Ons wens dr Stephan en sy vrou, Grethe, die beste toe in hul nuwe werkkring.

- **Dr Rudy Denton** van Potchefstroom-Studente is benoem as **buitengewone lektor** in die Fakulteit Teologie by die Potchefstroom-kampus van die **Noordwes-Universiteit**. Dr Denton sal die geleentheid gebruik om by verdere navorsing in die ontwikkeling van pastorale Gestaltterapie en die begeleiding van nagraadse studente betrokke te wees. Die Kerk is trots op die erkenning wat nog een van ons predikante hierdeur kry, en wens dr Denton sterkte toe met sy werk in die gemeente, ring en wyer kerkverband.

Prop Andries Scholtz

- **Prop Andries Scholtz**, voorheen lidmaat en predikant van die NG Kerk, is op Vrydag 9 September **gelegitimeer**. Hy werk reeds meer as ’n jaar lank in die Hervormde gemeente Upington en skakel volledig by die ringswerksaamhede in. Hy het reeds kosbare werk in Gemeente Upington gedoen en ook in verskeie ander gemeentes in die Noord-Kaap gepreek voordat hy besluit het om aansoek te doen om toelating tot die evangeliebediening in die Hervormde Kerk. Die Kommissie van die AKV het hom as predikant van die Kerk verwelkom met die bede dat die Here hom ook vrugbaar in daardie deel van ons land sal kan gebruik.

- **Ds Fanie Hoffman** van **Belfast/Waterval Boven** se aansoek om aan die einde van September met **vervroegde emeritaat** te gaan, is goedgekeur. Hy neem op Sondag 18 September om 10:00 afskeid van Gemeente Waterval Boven, en op Sondag 25 September om 10:00 van Gemeente Belfast.

- Die Kommissie van die AKV het **ds Jan Rossouw** van **Trichardtsfontein** se versoek om aan die einde van 2011 met **vervroegde emeritaat** te gaan, goedgekeur. Hy sal wel daarna beskikbaar wees om klein gemeentes wat nie ’n voltydse predikant kan bekostig nie, te help.

- **Ds Piet (PH) Viljoen** (siekte-emeritaat) het as predikant van die Kerk bedank en van **lewenstaat verander**.

- Ds Frans Ras het die beroep na Gemeente Windhoek aanvaar en verlaat **Gemeente Pietermaritzburg** op 31 Oktober. Laasgenoemde gemeente soek dringend na predikante wat een of selfs meer **eredienste** daar kan lei gedurende **Oktober, November en Desember**. Die gemeente wil ook in November met beroepswerksaamhede begin en nooi alle belangstellende predikante om met hulle kontak te maak vir meer inligting. Die traktement is ’n 5/6 skaal. Kontak ds Ras by 082 416 3922 of **fhras@worldonline.co.za**, of Ilze Vorster by 082 302 2569.

- **Die volgende predikante verjaar tot 23 September**, en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 16 September: Ds Stoffel Badenhorst (emeritus)
  - Saterdag 17 September: Di Willem Herbst (emeritus) en Piet Rautenbach (Nkana)
  - Sondag 18 September: Ds Peet Kruger (emeritus)
  - Maandag 19 September: Di Attie Hattingh (Delareyville) en Kobus Pienaar (Kruin)
  - Woensdag 21 September: Prof Adriaan Pont (emeritus)
  - Donderdag 22 September: Di Zet Robberts (Heidelberg) en Errol Sheppard (Vaalpark)
  - Vrydag 23 September: Di Wouter Beukes (Springs-Noord), Neels Botha (emeritus) en dr Gert Malan (Mosselbaai)

- Die **volgende vergadering** vind **tot 23 September** plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertyd en lokaal.

  - Dinsdag 20 September: Koördineringskomitee

- Die finaal van die ***Konteks* Landwye Bybelvasvra** het die afgelope naweek plaasgevind te Kwaggasrus buite Brits. Watter onvergeetlike ervaring! Daar is besluit om vanjaar 'n kamp aan te bied en 'n hele naweek van die besondere geleentheid te maak. Meer as 200 Hervormers van vyf verskillende provinsies het saam gekamp, en 'n rekordgetal spanne het deelgeneem aan die Vasvra. Altesaam 61 spanne, 15 ringe, 41 gemeentes, 350 deelnemers en ongeveer 470 mense het hierdie wonderlike dag beleef. Daar is geswem, gesels, geleer, gespeel, gesing, geëet en heerlik saam gekuier. Dis mos waaroor kerkwees behoort te gaan: om as medegelowiges hande te vat en Christus se liefde vir mekaar te leef! Met ons afskeid Sondag na die erediens was dié vraag op almal se lippe: *Wanneer kamp ons volgende jaar?* (Vir **volledige uitslae**, gaan na *Konteks* se webwerf, by **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Bybelvasvra 2011. Loer ook na foto's van die kamp wat geplaas is op die Facebook-groep Bybelvasvra Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.)

- Alle matrieks word hartlik uitgenooi na **Gemeente Philadelphia** se **Matriek-wydingsdiens** op **Sondag 25 September om 19:00** in die kerkgebou by Lunnonstraat 127, Hillcrest, Pretoria. Enige navrae kan gerig word aan Esmé Bolton by 012 362 7237.

- **46ste Nasionale NHSV Kongres 6 tot 8 Oktober 2011.** Enige navrae kan aan die NHSV kantoor by 012 325 0117 gerig word. Die volgende is Beskrywingspunte 7, 8, 9 en 10 wat tydens die Kongres bespreek gaan word:

  BESKRYWINGSPUNT 7 – OUERBETROKKENHEID BY SKOLE. Kerkrade word versoek om lidmate aan te moedig om betrokke te raak by 2012 se verkiesing van beheerliggame van skole. Beheerliggame word elke 3 jaar verkies en vakatures op die beheerliggaam moet binne 90 dae gevul word. Beheerliggame neem besluite namens die ouergemeenskap van die skool. Afrikaanse leerders raak toenemend in die minderheid, en indien die ouers van dié leerders nie behoorlik verteenwoordig is in die beheerliggaam van die skool nie, het hulle geen inspraak in skoolaangeleenthede nie.

  BESKRYWINGSPUNT 8 – ONDERSTEUNING AAN PREDIKANTSVROUE. 'n Versoek sal na afloop van die Kongres aan die Kommissie van die AKV, die Algemene Diakensvergadering (ADV) en kerkrade gerig word om die NHSV daadwerklik te steun om gelukkige, geestesgesonde predikantshuise te skep.

BESKRYWINGSPUNT 9 – TRAUMA. BEGELEIDING EN ONDERSTEUNING. Die NHSV is bewus van die behoefte aan begeleiding en ondersteuning van lidmate wat deur trauma geraak word. Die aantal getraumatiseerde mense in Suid-Afrika neem toe. Ons eie lidmate word ook al hoe meer daardeur geraak.

BESKRYWINGSPUNT 10 – NHSV TOEKOMSVISIE: *KNIEL SODAT JY KAN OPSTAAN*. Om te kniel voor God is sekerlik die mees wesenlike en tog eenvoudigste van alle menslike handelinge. Dit is trouens waarvoor God die mens geskape het: om op 'n intelligente, nadenkende en uiteindelik lofprysende wyse voor Hom te kniel. Om te kniel, is 'n handeling van diepe onderdanigheid en diepe eenvoud: om van jou eie troontjie af te klim en voor die troon van die heilige God te staan te kom. Eers wanneer ons gekniel het voor God, kan ons opstaan om te lewe. As jy voor God kniel, huiwer jy nie om ook jou medemens te dien nie – as't ware om ook langs en voor jou medemens te kniel.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) vind op **Dinsdag 8 en Woensdag 9 November** plaas. Die tema is *Toekoms, Kerk en waagmoed*. Die kursus, wat om 09:00 begin, word by Gemeente Wapadrant aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Stel mev Betsie Brits asseblief **voor 25 Oktober** in kennis indien u die kursus wil bywoon: per e-pos by **betsie.brits@up.ac.za** of per faks by 012 420 4303.

  U word vriendelik versoek om die registrasiefooi vooraf elektronies of per bankdeposito te betaal. Die bankbesonderhede is soos volg:
  Kerkgeld vir Kerkwerk
  ABSA
  Rekening nr 020 149 752
  Kode nr 63 20 05
  Verwysing: 2013K VTT gevolg deur die naam van die kursusganger

- **TOEGEPASTE BERADINGSKOLE VIR LERAARS EN TEOLOGIESTUDENTE**
  September en November
  Kry 5 dae se beradingsopleiding in bedieningspraktyk
  Verdiep jou vermoë om gemeentelede met berading te ondersteun
  Aangebied deur Applied Counselling and Development Institute of SA
  Stuur e-pos na **contact.acdisa@gmail.com** vir meer inligting

- **Gemeente Carolina** vier gedurende November hul **75-jarige bestaan** en gee in 2012 'n **Feesblad** uit. Oudlidmate en ander betrokkenes met foto's en staaltjies oor die gemeente se wedervaringe die afgelope 75 jaar kan die gemeente se voormalige predikant, ds Hennie Louw, **voor einde September** by 084 508 7849 kontak. E-pos- en ander besonderhede sal dan aan u voorsien word.

- **Prof Bieks Beukes** het laat weet dat die klok van **Gemeente Durban-Suid** op Sondag 17 Julie na bykans 20 jaar se stilte weer gelui het. **Herstelwerk** aan die klok (en heelwat ander herstelwerk) kon gedoen word danksy die finansiële steun en voorbidding van baie gemeentes van die Kerk. Daar is onder meer ondersteuning ontvang van ene PS – baie dankie! Die gemeente het reeds R43 000 ontvang van die R60 000 wat beoog is vir die belangrikste herstelwerk aan hul kerkgebou en pastorie. Prof Beukes sê baie dankie aan almal wat reeds bygedra het, en veral aan dr Fanie Pretorius en mnr Kobus Viljoen.

Toere

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Laaste geleentheid om te bespreek!
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konsentreer op jou beroep.
Ons sal sorg vir jou finansiële beplanning.

As 'n gegradueerde beroepsmens in eie diens of in diens van iemand anders, het jy baie spesifieke finansiële behoeftes. **Die Cobalt Oplossings vir Professionele Persone** is 'n omvattende reeks oplossings op sake- en persoonlike vlak.

Met oplossings soos 'n **Siektevoordeel** en **Inkomstebeskermer** kan jy jou inkomste beveilig selfs wanneer ernstige siekte en ongeskiktheid dit vir jou onmoontlik maak om jou professionele pligte te verrig.

Alex Heyns
Finansiële Beplanner
044 873 3009 • 083 628 4043
alex.heyns@4sure.co.za

Sanlam CI0131CSO465BPA

GELISENSIEERDE VERSKAFFER VAN FINANSIËLE DIENSTE

Sanlam

- **WOONSTELLE BY UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**
  Twee woonstelle te koop
  Stapafstand van die Universiteit van Pretoria, kerke en winkelsentrums
  Ten volle toegerus met yskas, wasmasjien, stoof, mikrogolfoond, ens
  Eie parkeerplek agter sekuriteitsheining met 24-uur-sekuriteit
  Skakel Johan de Beer by 082 923 0877

Konserte en feeste

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

- **Sondag 18 September: Gemeente Coligny: 60ste verjaardagviering**
  Gemeentebraai en boeresport na die erediens
  Navrae aan Jan Jordaan by **jsjordaan@telkomsa.net**

- **Vrydag 23 September 20:00: Gemeente Wonderboom**
  Walliese Mannekoor van Suid-Afrika
  Marjoramlaan, Wonderboom
  Deure open 19:30
  Volwassenes R50 per persoon
  Kontak Rina Prinsloo by 012 567 3693 of 072 138 6709

- **Vrydag 23 tot Sondag 25 September: Gemeente Heilbron: Feesnaweek**
  Deel van 100-jaar-viering
  Vrydag 23 September 18:00: Gemeentebraai en konsert by Klipkerkie
  Saterdag 24 September 09:00: Riemland Karnaval by Klipkerkie
  17:00: Voorbereidingsdiens en belydenis van geloof
  19:00: Gelukwensings en groeteboodskappe in kerkgebou – verversings daarna
  Sondag 25 September 09:30: Nagmaal in kerkgebou
  11:30: Dankseggingsdiens en doop in kerkgebou
  13:00: Middagete in Klipkerkie
  Navrae aan ds Herman Gothan, 058 853 1174, 082 773 4740, **hfg@risp.co.za**

- **Sondag 30 Oktober 17:00: Gemeente Wesmoot: Saamsingfees**
  Saam met Hendrik en Marinda, toegang gratis
  Kerkgebou, hv Hjalmer- en Attiestraat, Booysens
  Navrae aan ds Fanie Beukes by 012 377 3736 of **faniebeukes@yahoo.com**

- **ALLEN KERKORRELS**
  Na 40 jaar van digitale klank –
  steeds die leier in orrelbou
  Skakel ons vandag vir ’n gratis demonstrasie
  Tel 012 991 4930
  Faks 086 667 4680
  Sel 079 497 2647
  E-pos: **pieter@allensa.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **NHSV Warmbad: Lentetee: Saterdag 1 Oktober**
  10:00
  Warmbad Dienssentrum
  R50 per persoon
  Die fondse uitsluitlik vir versorging van behoeftige kinders
  van Laerskool en Hoërskool Warmbad
  Kontak mev Amanda Liebenberg by 071 877 6640

Basaars en markte

- **Saterdag 24 September: Ring van Noordelike Pretoria: JoyXfest 2**
  Basaar met ’n verskil
  Al die gemeentes in die ring hou saam basaar
  Om een van die gemeentes in die ring wat finansieel swaarkry te ondersteun
  2011 is Gemeente Derdepoort die ontvanger
  Sportgronde van Hoërskool Hendrik Verwoerd (gratis!)
  Begin om 08:00 met boeremusiekorkes
  Die Kitaarkerêls en Ollie die Nar
  Veteraanmotors, motorfietse, jukskei en toutrek
  Al die tradisionele basaarlekkernye
  Navrae aan ds Peet Swanepoel by 072 372 6933

- **Saterdag 24 September: Gemeente Leeudoringstad: Doringfees**
  09:00
  Heerlike dag met basaarlekkernye en die beroemde Monati-sosaties
  Met Thys die Bosveldklong
  Toegang gratis

Kompetisiekaartjies R50
1ste prys: R5 000 kontant – indien teenwoordig met trekking R10 000 kontant!
2de prys: 2 slagskape
3de prys: R1 000 vleisbewys
Troospryse
Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

- **Vrydag 30 September tot Sondag 2 Oktober: Gemeente Zeerust Bosrumoer MTB Classic**
  Doornrivier, 9 km op Gaberone-pad R49
  Vrydag Oktober-Bierfees
  Saterdag kwadfiets- en pypkar-wedrenne, kompetisies, vermaak en kos
  Akkommodasie beskikbaar
  Navrae aan ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **barendob@gmail.com** of Joe Salim by 079 857 2478 of **jmsplanning@gmail.com**

- **Saterdag 17 Desember: Gemeente Wesmoot Christusfeesmark**
  By Makro Wonderboom
  Stalletjies teen R200 – bespreek nou reeds
  Kontak Carla Greyling by 082 376 9239
  Met Lance James, Rodeo Girls, Hendrik Britz en Miranda
  Toegang gratis

Skopus Business Consultants

"A Journey To Leadership"

Skopus Entrepreneurskapsprys

- Lesers van die *e-Hervormer* en lidmate van die NHK, hulle vriende en familie geniet voorkeur.
- Vir kompetisie-inskrywings, besoek ons webwerf by **www.skopus.co.za**.
- Spesiale aanbod sluit 31 Oktober 2011, waarna kompetisie oopgestel word vir algemene publiek.

ANDER NUUS

- **STEINWAY D-274.** Die Konservatorium van die Nederduitsch Hervormde Kerk beskik oor 'n Steinway Model D-274 **konsert-vleuelklavier** – reeksnommer 332969 – en bied dit **te koop** aan. Die vleuelklavier kan besigtig word by die Sinodale Kerkkantoor te Dirk van Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Besigtiging moet asseblief per afspraak met mnr Piet Beukes by 012 322 8885 of per e-pos by **piet@nhk.co.za** gereël word. Tenders moet gerig word aan mnr Piet Beukes, Posbus 2368, Pretoria 0001 of **piet@nhk.co.za**. **Sluitingsdatum 15 September 2011.**

- **Linmar Werkskepping** is 'n projek van die **Ondersteuningsraad Krugersdorp** om vroue te bemagtig, Hulle maak klere soos sweetpakke vir skole en sportinstansies, asook windjakkers, skoolrompe, voorskote en kleuterskoolklere. Hul nuutste produk is oorpakkies (*overalls*) vir kleuterskole. Kontak **Hester Potgieter** by 011 660 5252 of 082 560 4237 met **bestellings.**

- **DPS-STELSEL. Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom.** Datum van diensaanvaarding gedurende Desember 2011 maar verkieslik nie later nie as 1 Januarie 2012. **Aansoeke sluit op 16 September 2011.**

  Vereistes: Getroude egpaar; verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud; lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk; goeie gesondheid; aanvoeling vir kinders.
  Vergoeding: Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning binne die DPS-huis ontvang.

  Vir meer inligting, kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Willem Kok by 018 294 4187 of 083 664 0058.

- **Die Ondersteuningsraad** bied weer vir 'n week tydens die September-skoolvakansie hul **kamp vir ongeveer 80 hulpbehoewende kinders** aan. Die **berekende koste beloop R800 per kind** vir die hele week. **Persone wat graag 'n kind of twee wil borg,** kan met Suzanne van Deventer van die Ondersteuningsraad se Pretoria-kantoor by 012 325 2320 in verbinding tree.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURE IN RING VAN RUSTENBURG**
  Maatskaplike Werker
  Halfdagpos vanaf 3 Oktober 2011 in Rustenburg
  Vir lewering van pleegsorgtoesigdienste by Diakonale Pleegsorghuis
  asook dienslewering aan lidmate van die Hervormde Kerk

  Ononderhandelbare vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, geldige bestuurslisensie, ervaring in statutêre werk en vereenselwiging met etos van die Hervormde Kerk. Salaris bepaal deur jare ervaring.

  Aansoeke aan mev Mariaan Steenkamp (**mariaans@nhk.co.za** of faks 012 322 5787). **Sluitingsdatum: 23 September 2011.**

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R114 per plasing. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Dankie aan ds Hannes van der Merwe vir die artikel oor God se stem in die stilte. In ons dolle gejaag ervaar ons ’n ongemak om alleen met onsself te wees en ken ons dus soms nie eers onsself nie. As ons soms ongemaklik is met ons eie geselskap, hoe kan ons daar wees vir ander mense? Kom ons maak die geraas in ons lewensruimte minder en kom weer in kontak met God, ons eie ek en die natuur.”

Delia Botha

“Dankie, dit is my eerste *e-Hervormer* en ek het geniet om dit te lees. Dit is baie netjies versorg!”

Jan Hoogstad, Middelburg

“Daar is baie mense wat van die tradisionele kerk hou. Oumense gaan ook na ander dienste omdat hulle daar belangrik voel en die predikant of pastoor aandag aan hulle gee. Ons predikante doen dit nie meer nie, want hulle hou hulle te veel op met verandering om mense te lok, en doen nie meer huisbesoek nie. Dit is een dag in die week dat jy netjies kan aantrek om respek vir die Here te wys. Moenie die kerk verander om by mense aan te pas nie, maar om aan te pas by wat die Here wil hê.” *(Verkort)*

S Joubert

AGTERBLAD



Kerklike publikasies Oktober 2011

Lees in *Konteks* van Oktober 2011

- Al die bedes tussen saai en oes
- As die Here roep... (Onderhoud met dr Frikkie Labuschagne)
- Gemeente Germiston vier 100 jaar

Lees in *Die Hervormer* van Oktober 2011

- Het ons onreg gesanksioneer? (Dr Johann Beukes en ds Rudi Schoeman)
- Is die beeld van God in mense aangetas? (Prof Natie van Wyk en ds Frans Oosthuizen)
- Kerkhervorming: Taal van die Kerk vs taal van die wêreld

Die Oktober-uitgawes van die kerklike publikasies sal binne die volgende week beskikbaar wees.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Frikkie Labuschagne
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx